


Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Junie 2013



In biddende afhanklikheid

Lees binne...

- Tydlose waardes – 2
- Kerkwees in die huidige tyd – 3
- Finansiële tendense – 4
- Kom ons wees eerlik – 6

In hierdie uitgawe

In hierdie uitgawe

- Bl 1 In biddende afhanklikheid (Ds David Barnard)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Tydlose waardes inspireer
- Bl 3 **Aktuele sake**
Kerkwees in die huidige tyd (Dr Wouter van Wyk)
- Bl 4 **70ste AKV**
Finansiële tendense (Elmar Struwig)
- Bl 5 **Kerkwerf**
Tafelgesprek oor teologiese opleiding
Evaluering van voornemende teologiestudente
Beroepe aanvaar
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Kom ons wees eerlik (Notule, Ringskomitee vir Predikante, Wes-Kaapland)
Prof JP Oberholzer 03-10-1927 – 04-05-2013
Oor die liefde in ons Kerke (Luce Thoumin)
Versoek om bydraes vir die *THT* (Prof Natie van Wyk)
- Agterblad **Oordenking**
Die fees van Pinkster (Ds Eddie Eckard))

Tydlose waardes inspireer

Dr André Ungerer, redakteur, erken dat evangelisasie sekerlik baie vorme kan aanneem, maar wil onmiddellik aanvoer dat daar 'n sensitiwiteit ten opsigte van die persoon se lewens- en wêreldbeskouing moet wees – elke skepsel van God met wie ons te doen kry, is immers 'n unieke wese, en die gawe van onderskeiding geld sekerlik ten opsigte van elke individu.

Een van die aspekte waaroor die komende AKV ernstig sal moet besin, is die aandag wat gemeentes in die toekoms aan dissipelskap gaan gee. Die Griekse woord vir dissipel (*mathytys*) is gebruik vir die begrip vakleerlingskap maar ook om ywerige navolgingskap en 'n nabootsing van 'n leraar aan te dui. Dit sluit die volle spektrum van Christelike waardes in, veral ook die deugde waarvoor baie van ons mense natuurlikerwys bekendstaan. Geloofsgemeenskappe in hierdie post-Christelike era met al die aanslae teen die tradisionele kerk sal 'n aantreklikheid moet openbaar – meer nog – 'n onweerstaanbaarheid. Enersyds as begenadigde sondaarmense, en andersyds as mense wat poog om die liefde van Christus in elke faset van die lewe uit te leef.

Die gevaar by enige evangelisasiewerk is 'n opdringerige bekeringsywer waar dit hoofsaaklik oor die tel van koppe gaan, of soos wat die Nederlandse teoloog Gerben Heitink in sy boek *Een kerk met karakter* daarna verwys as *zieltjes winnen*. Aan die ander kant mag gelowiges nie neutraal staan teenoor diegene buite die geloofsgemeenskap nie. Uiteindelik kan ons ons troos aan die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 3: 7: *Dit gaan dus nie om die een wat plant en die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei*.

Kerkwees in die huidige tyd

Aan die einde van 2012 het die Kommissie van die AKV 'n brief onder die opskrif *Gesprek oor kerkwees in die huidige tyd* aan Ouderlingevergaderings gestuur met die versoek om dit te bespreek en daarop te

reageer. Daar is goeie reaksie ontvang, en die Kommissie deel graag kortliks van die kommentaar op die brief met die res van die Kerk.

As deel van ons voorbereidings vir die beslissende 70ste AKV in September is dit verblydend om te lees: *Lidmate moet verstaan dat die gesprek nie wil afbreek of kritiseer nie, maar kreatiewe oplossings vir nuwe omstandighede wil vind* (Kroonstad).

Volgens **dr Wouter van Wyk** bevestig die terugvoer van Ouderlingevergaderings die sentrale plek wat belangrike kernwaardes steeds in die Kerk en in ons gemeentelêwe moet inneem. Die fokus op die drie-enige God staan deurgaans voorop.

Hand aan hand daarmee gaan die bestudering en suiwere verkondiging van die Woord van God. Die Woord moet 'n sentrale plek hê in die gemeente. Die gemeente is die primêre plek waar die Woord verkondig, die sakramente bedien en opsig en tug uitgeoefen word (Klerksdorp). Die verkondiging van die Woord in die erediens, sakramentsbediening, kategetiese, geloofsgesprekke, huisbesoek en diakonie is kernsake. Huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate was nog nooit so belangrik as vandag nie (Wonderboom).

Die Woord moet egter ook in die persoonlike lewe van lidmate 'n sentrale plek inneem – in ons huise en as deel van ons daaglikse roetine. Elke lidmaat moet die Woord bestudeer. So koester ons ons verhouding met God, en so kan ons ons oorhoofse missie en taak as Christen en gelowige uitleef.

Die sentrale plek van die Woord moet ook duidelik blyk uit die plek wat dit in die opleiding en werk van die predikante inneem. Behoorlike teologiese opleiding is vir die Kerk wesenlik noodsaaklik. Daarna moet die predikant se tyd en fokus in die gemeente ook primêr op die bestudering en verkondiging van die Woord en die evangelie van Jesus Christus gerig wees.

Sommige Ouderlingevergaderings bevestig die voorrang van die Woord ook by wyse van 'n frustrasie oor onduidelikheid rakende die Kerk se Skrifbeskouing en die belydenis. Terwyl daar duidelik konsensus is oor die sentrale belang van die Woord in die lewe van die Kerk, sal daar nog heelwat gepraat moet word oor hoe ons die Woord interpreteer en op ons lewens van toepassing maak. Hierdie gesprek kan vir die Kerk verrykend wees.

Finansiële tendense

Die administrateur, **mnr Elmar Struwig**, skryf oor die finansiële tendense in die Kerk. Dit is veral die gesentraliseerde deel van kerkwees (alles wat met sinodale offergawes bekostig moet word) wat swaar onder kommentaar en **on**begrip deurloop. In die soeke na 'n werkwyse om laasgenoemde te hanteer, kom 'n **ander perspektief** na vore. Mèt of sônder sinodale offergawe (vir die gesentraliseerde deel van kerkwees) verloop die tendens **dieselfde**. Waar die totale uitgawes vir gemeentes in 2009 byvoorbeeld ongeveer R193 m (R171 m sonder gesentraliseerde aktiwiteite) beloop het, het dit die potensiaal om teen 2026, met die huidige kerkmodel *onveranderd*, ongeveer R522 m te wees (R475 m sonder gesentraliseerde aktiwiteite).

Gesentraliseerde aktiwiteite is aktiwiteite wat te duur of onprakties vir gemeentes is om self (afsonderlik) te onderneem; ekonome verwys daarna as *ekonomie van skaal*. In die NHKA (uit die geskiedenis) sluit dit aktiwiteite in soos Teologiese Opleiding, Apostolaat, Kerkmusiek, Studentebearbeiding, Fonds vir Gemeenteopbou (subsidie), adviesliggame, Pensioenfonds, mediese fonds, Bejaardesorg, Kindersorg, Ondersteuningsraad, Diakonaat, versorging van die NHKA se emeriti... om net 'n paar te noem. Ons vertrou dat die afgevaardigdes by die 70ste AKV namens ons onder leiding van die Heilige Gees die debat sal voer en die koers (behoud van die huidige of nuwe) sal aandui.

Kom ons gaan die 70ste AKV met biddende erns tegemoet. En op almal wat nie self daar teenwoordig sal wees nie, doen ons die beroep om daagliks voorbidding vir die afgevaardigdes te doen. Sodat ons in die gees van 2 Korintiërs 8 en 9 sal besin oor die finansiële *gawes* wat ons *daaglik*s opnuut van God ontvang.

Ander berigte

Daar is onder andere ook berigte oor die onlangse tafelgesprek oor teologiese opleiding, die afsterwe van prof Bart Oberholzer op Saterdag 4 Mei, en die voordrag wat prof Bart op uitnodiging van Wes-Kaapland se Ringsraad vir Predikante op Vrydag 12 April in Stellenbosch gehou het. **Ds Eddie Eckard** van gemeentes Messina en Van Warmelo se oordenking troos ons met die feit dat die Pinkstergebeure 'n vervulling is van Jesus Christus se belofte: *En onthou, Ek is by julle tot die voleinding van die wêreld.*